

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur

100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekweiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting + Rente- uitgawe}}{\text{Gemiddelde kapitaal aangewend}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste		(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Eindvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	Bedryfsbates – Bedryfslaste
Niebedryfslaste : Aandeelhouersekweiteit		Totale bates : Totale laste
$\frac{\text{Wins na belasting}}{\text{Getal aandele uitgereik}}$		$\frac{\text{Dividende op gewone aandele}}{\text{Getal aandele uitgereik}}$
$\frac{\text{Vaste koste}}{\text{(Verkoopsprys per eenheid - Veranderlike koste per eenheid)}}$		$\frac{\text{Totale gewone aandeelhouersekweiteit}}{\text{Getal aandele uitgereik}}$

VRAAG 1 BEGROTINGS EN PROBLEEMOPLOSSING**Die volgende inligting het op Sandton Sky Hotel betrekking.**

- Hul vernaamste kliënte is uitvoerende sakelui en reisende verkoopsmense.
- Al hul kamers is dieselfde grootte en al die kamers word teen dieselfde prys verhuur.
- Daar is geen wisseling in die prys vir verskillende tye of seisoene van die jaar nie.
- Etes in die eetkamer is ingesluit in die kamerhuurgeld, maar drankies is uitgesluit.
- Die hotel het 'n gimnasium en 'n swembad, en buiten 'n klein eetkamer vir die inwoners het dit ook 'n baie gewilde restaurant.
- Die gimnasiumtoerusting is sewe jaar oud en baie items is stukkend en moet vervang word. Die bestuur het besluit om elke maand 'n toerustingem te vervang.

Kontantbegroting vir Sandton Sky Hotel vir November 2016 tot Januarie 2017

	Nov 2016		Des 2016	Jan 2017
	Begroot	Werklik	Begroot	Begroot
ONTVANGSTE				
Kamerhuurgeld in kontant betaal	930 000	1 020 000	C	D
Restaurant en drankverkope	165 400	187 500	E	150 514
Totale ontvangste	1 095 400	1 207 500	?	?
BETALINGS				
Salarisse	592 200	592 200	F	G
Elektrisiteit	55 800	81 600	27 900	41 850
Kontantaankope van kos en drank	245 000	263 000	320 000	183 500
Betaling aan krediteure	57 300	57 300	H	I
Administrasie en Internet	9 000	9 150	5 000	7 200
Sekuriteit	25 000	25 000	25 000	25 000
Diverse ander uitgawes	3 100	3 100	3 286	3 484
Instandhouding	68 000	63 700	68 000	68 000
Vervanging van gimnasiumtoerusting	17 000	17 000	14 500	23 000
Totale betalings	(1 072 400)	(1 112 050)	?	?
Surplus/(tekort)	23 000	A	?	?
Bankbeginsaldo	33 400	33 400	?	?
Bankeindsaldo	56 400	B	?	?

Bykomende inligting

1. Die begrote bedrae vir November, Desember en Januarie is in Oktober opgestel en is dus nie beïnvloed deur wat werklik in November 2016 gebeur het nie.
2. Daar is begroot dat die kamers in November gemiddeld vir 20 nagte (twee derdes van die maand) vol sou wees, Desember slegs 10 nagte en Januarie word begroot om gemiddeld 15 nagte vol te wees.
3. Daar word begroot dat daar 'n toename van 40% in drank- en restaurantverkope in Desember 2016 sal wees en dit sal dan afneem van Desember tot Januarie 2017.
4. Al die personeel ontvang 'n Kersbonus van 40% aan die einde van November. Hulle ontvang hul normale salarisbedrag in Desember. Hulle gaan in Januarie 2017 'n 8%-verhoging kry.
5. Sandton Sky Hotel koop 'n deel van hul kos en drank op krediet. Hulle koop niks anders op krediet nie. Hulle het die volgende voorwaardes beding om krediteure terug te betaal: 80% sal in die maand na aankoop terugbetaal word en sal 5% afslag ontvang; die oorblywende 20% sal in die volgende maand terugbetaal word. Krediet aankope vir November en Desember was onderskeidelik R65 200 en R82 000.
6. Rente op oortrekking word gehef teen 18% p.j. en word in administratiewe uitgawes ingesluit.

Inligting om Vraag 1.8 te beantwoord

Paul, die bestuurder, het 'n bietjie navorsing gedoen oor die besparing van elektrisiteitskoste. Hy het die volgende uitgevind:

- Die totaal bestee aan/geraam vir elektrisiteit vir die jaar geëindig Desember 2016 was R700 000. Daar word verwag dat die totale elektrisiteitskoste vir 2017 R780 000 sal wees.
- Die rekenmeester het beraam dat van die hotel se elektrisiteit 20% beligting is, 30% word deur die kombuis en diverse items verbruik, 35% word deur die geisers vir die storte en baddens in die kamers verbruik en die laaste 15% word deur die lugversorgers oral in die hotel verbruik.
- LED-ligte hou nie net baie langer as hul huidige liggloeilampe nie, maar verbruik 75% minder energie en produseer minder hitte, wat dus lugversorgingskoste sal bespaar. Om die ligtoebehore in die sitkamers en eetkamers te vervang, sal R95 000 kos. Om die ligte in die kamers met LED-ligte te vervang, sal R140 000 kos.
- Daar is nuwe termostate met bewegingsensors beskikbaar wat die lugversorger/verwarmer sal afskakel wanneer die gaste nie in hul kamers is nie. Die rekenmeester beraam dat dit ongeveer 30% sal bespaar van wat tans aan lugversorgers bestee word. Om die huidige in die kamers te vervang, sal R102 500 kos.
- Die vervanging van al die geisers met sonenergiegeisers sal 'n totaal van R640 000 kos.

VRAAG 2 VERSOENINGS**Die volgende inligting het op Lank en Kort betrekking.**

Mev. Jones is die eienaar van Lank en Kort, 'n klerewinkel wat jeans en kortbroeke verkoop. Dit is 'n klein winkeltjie, en buiten haarself is daar net 'n boekhouer (Pam) en twee verkoopsassistentente wat albei toegang tot die kasregister het indien mev. Jones nie daar is nie.

Pam het die volgende staat vir debiteur Lerato de Villiers opgestel:

Datum		Besonderhede/Dokumentno.	Debiet	Krediet	Saldo
Sept	1	Rekening gelewer			3 350,00
	15	Faktuur 983	3 400,00		6 750,00
	17	Kredietnota 94		150,00	6 600,00
Okt	8	Faktuur 997	350,00		6 950,00
	14	Faktuur 1002	550,00		7 500,00
			Lopend	30 dae	60 dae
			900	3 250	2 000
				90 dae	90 dae
					1 350
BEPALINGS: 90 dae van datum van staat					

Inligting:

- Die beginsaldo was die gevolg van twee fakture wat uitgereik is. Een vir R1 350 van Julie en die ander een wat in Augustus uitgereik is.
- Lerato het Lank en Kort woedend gebel en gesê dat sy nie R7 500 op haar rekening skuld nie, want:
 - Kredietnota 94 was vir R510, nie R150 nie.
 - Sy het op 3 Oktober 'n direkte deposito van R3 000 in die bankrekening van Lank en Kort gedoen.
 - Sy het nie op 8 Oktober by Lank en Kort gekoop nie.

Bogenoemde bewerings is ondersoek en daar is bevind dat dit waar is.

- Lank en Kort het vyf verskaffers. Twee van hulle vra kontant by aflewering en die ander drie het 'n bepaling van 30 dae toegestaan, d.w.s. betaling in die maand na aankoop.
- Die volgende verhoudings is op 31 Oktober 2016 bereken:
Bedryfsverhouding: 2,9 : 1
Vuurproefverhouding: 2,1 : 1

Pam het die volgende bankversoeningstaat opgestel:**Bankversoening op 31 Oktober 2016**

Saldo volgens bankstaat	?
Uitstaande deposito (20 Oktober 2016)	10 990
Uitstaande deposito (31 Oktober 2016)	7 900
Uitstaande tjeks uitgereik: No. 72 (26 Maart 2016)	480
No. 134 (26 Oktober 2016)	15 320
No. 136 (24 November 2016)	4 870
Saldo volgens bankrekening	?

Die saldo in die bankrekening in die algemene grootboek van Lank en Kort op 31 Oktober 2016 **voor** die volgende inligting uit die bankstaat op 31 Oktober 2016 geneem is, was 'n gunstige saldo van R3 130.

Die volgende inskrywings verskyn op die bankstaat van Oktober 2016, maar is nog nie in die joernaal aangeteken nie:

- 'n Direkte deposito van R1 300 is deur 'n debiteur gedoen ter betaling van sy rekening.
- 'n Tjek van debiteur G. Smith (gedateer 25 September 2016) is op 28 Oktober 2016 deur die bank teruggestuur met die notasie VT. Die tjek van R2 800 was om haar skuld van R3 000 af te betaal.
- 'n Aftrekorder vir R2 500 vir besigheidsversekering teen bedrog.
- Tjek 100 vir R2 560 wat uitstaande was op die September-bankversoening, het deurgekom. Dit is die korrekte bedrag van die tjek, maar dit is verkeerd in die KBJ in September opgeteken as R2 650.

VRAAG 3 MAATSKAPPY-ONTLEDING**Die volgende inligting het op Verimark betrekking.**

Verimark is 'n kleinhandelsmaatskappy wat unieke produkte van uitstekende gehalte in die kategorieë huisware, oefening en fiksheid, gesondheid, DDS, motors, opvoedkundige speelgoed en persoonlike gerief opspoor, ontwikkel en versprei. Hulle het 'n massiewe verspreidingsnetwerk vir daardie produkte wat aanlyn en deur TV-advertensies bestel word. Hulle verkoop ook hul produkte deur hul eie Verimark-winkels en deur winkels soos Game en Pick n Pay.



[Bron: <www.verimark.co.za>]

Dividende

Die raad het op 21 Mei 2015 'n finale dividend van R5 631 600 (5,2 sent per aandeel) verklaar en goedgekeur. Dit stem ooreen met die dividendbeleid van 50% van die wins toeskryfbaar aan aandeelhouers van die maatskappy. Daar is geen tussentydse dividende uitgereik nie.

Verimark Holdings Ltd het geen aandele gedurende die 2015 finansiële jaar gekoop of verkoop nie.

Vernaamste aandeelhouers

Die Van Straaten-familietrust hou 63% van die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy. Die begunstigdes van die trust is die HUB, MJ van Straaten, en sy gesin.

Groepstaat van Omvattende Inkomste

Vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

	2015 R'000	2014 R'000
Inkomste	415 374	427 036
Koste van verkope	(246 502)	(254 880)
Bruto wins	168 872	172 156
Ander bedryfsinkomste	2 358	9 531
Verkoopsonkoste	(38 858)	(38 137)
Ander bedryfsuitgawes	(115 000)	(121 865)
Bedryfswins	17 372	29 685
Beleggingsinkomste	2 376	4 107
Finansieringskoste	(3 480)	(10 340)
Wins voor belasting	16 268	23 452
Belasting	(5 010)	(5 791)
Wins vir die jaar	11 258	17 661

Uittreksel uit die HUB se verslag

Die voortgesette depresiasie van die rand het plaaslike invoerders en die Suid-Afrikaanse kleinhandelsektor in die algemeen die afgelope drie jaar negatief beïnvloed. 95% van die groep se handelsware word ingevoer en op 'n Amerikaanse-dollar-denominasie verkry.

Ekonomiese toestande sal na verwagting uitdagend bly in die komende jaar. Verimark sal in die jaar vorentoe voortgaan om klem te plaas op die versnelling van die tempo van die bekendstelling van nuwe produkte sowel as die verbetering van sy marges, die maksimalisering van bedryfsdoeltreffendhede en kostebekamping.

Uittreksel uit die wisselkoersopsomming vir Amerikaanse dollar tot Suid-Afrikaanse rand

Datum	Rand
8 Januarie 2016	16.18

Datum	Rand
1 Oktober 2015	13.87

Verhoudings, persentasies en syfers

	2015	2014
Netto batewaarde	116 sent	110 sent
Bedryfsverhouding		3,15 : 1
Vuurproefverhouding		1,50 : 1

AANDELEPRYSE OP JSE**Syfers uit die kontantvloeistaat en aantekeninge vir Verimark Holdings Ltd**

	2015 R'000
Toename/afname in voorraad	(13 876)
Toename/afname in handels- en ander bedrae betaalbaar	1 021
Belasting betaal	(5 650)

Verimark Holdings Ltd**Groepstaat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2015**

BATES	2015 R'000	2014 R'000
Niebedryfsbates	30 848	32 117
Bedryfsbates	147 333	128 583
Voorraad	E	C
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	65 524	D
Vooruitbetaalde belasting	510	0
Kontant en kontantekwivalente	?	1 394
Totale Bates	178 181	160 700
EKWITEIT EN LASTE		
Ekwiteit	?	118 874
Niebedryfslaste	F	1 006
Bedryfslaste	48 468	A
Handels- en ander betaalbare bedrae	34 471	B
Lopende gedeelte van rentedraende lenings	1 422	1 320
Belasting betaalbaar	0	?
Bankoortrekking	12 575	?
Totale Ekwiteit en Laste	178 181	160 700